Die Bahurutshe van die Marico (Ramotshere Moiloa-distrik): Stryd teen blanke oorheersing, 1852-1916

Gerhard JJ Oosthuizen
Potchefstroom-kampus
Noordwes-Universiteit

Abstract

The Bahurutshe of the Marico (Ramotshere Moiloa district): struggle against white domination, 1852-1916

The early history of the Bahurutshe cannot be determined without using a combination of oral tradition, archaeological evidence and written documentation. The Sotho-Tswana moved into the Trans-Vaal area in three big migration waves, probably between 1300 and 1500. The Bahurutshe-Bakwena grouping was the last and also most significant migration wave. They initially settled in the present Rustenburg-Brits vicinity. By approximately 1450/80 the Bahurutshe separated from the Bakwena and gradually settled in the central part of the Marico district. Thus, the Bahurutshe has been living in the Marico area for about 500 years. In this article, the tense relationships between the white burghers/government and the Bahurutshe in the Zuid-Afrikaansche Republiek (1852-1899) are discussed. This era was marked by the dismantling of the Bahurutshe authority, land issues, native tax, increasing state control and native labour. After a discussion of these issues, the article focuses on the participation of the Bahurutshe in the South African War (1899-1902), both on the Boer and the British side. The period of the Transvaal Crown Colony (1902-1909) was especially marred by labour issues, increased poll taxes and the controversial "dual administration". Lastly, the focus is on the influence which the Native Land Act of 1913 and the 1916 Beaumont Land Commission had on the Bahurutshe.



Inleiding

Die vroeë geskiedenis van die Marico kan nie sonder die kombinasie van mondelinge tradisie, argeologiese getuienis en geskrewe dokumentasie

ontrafel word nie.[1] Die Sotho-Tswana het in drie groot migrasiegolwe, waarskynlik tussen 1300 en 1500, die Trans-Vaal-gebied (tussen die Vaal- en Limpopo-riviere) binnegetrek. Die Bahurutshe-Bakwena-groepering was die laaste en ook die invloedrykste migrasiegolf. Hulle het hul aanvanklik in die huidige Rustenburg-Brits-omgewing, aan die voet van die Zwartkoppies (Mabjanamatshwana), gevestig.[2] Teen ongeveer 1450/80 het die Bahurutshe afgeskei van die Bakwena en hulle mettertyd in die sentrale gedeelte van die Marico (huidige Ramotshere Moiloa-distrik) gevestig.[3] Teen die begin van die 16de eeu het die oorspronklike kapteinskap fissie ondergaan en gedurende die volgende drie eeue oor 'n uitgestrekte gebied versprei. Die verspreiding het waarskynlik naby die samevloeiing van die Marico- en Krokodil-riviere 'n aanvang geneem. Daarvandaan het die Bahurutshe na die bolope van die Marico getrek. Hulle het die Barolong vanaf die ysterbron te Mosega verjaag en 'n reputasie gevestig as verwerkers van en handelaars in metaal.[4] Die Bahurutshe woon dus reeds vir sowat 500 jaar in die Marico-gebied (Kyk meegaande kaart):[5]

Blanke binnedringing in die grondgebied van die Bahurutshe het reeds gedurende die vroeë negentiende eeu begin. Handelaars en boere is gevolg deur avonturiers, jagters en sendelinge.[6] Só byvoorbeeld het die sendeling-reisiger John Campbell in 1820 die Bahurutshe-hoofstat Karechuenya (of Kaditshwene) besoek en die eerste geskrewe verslag rakende die inwoners

1 N Parsons, "Prelude to difaqane in the interior of southern Africa c.1600 - c.1822", C Hamilton (ed.), *The Mfecane Aftermath* (Witwatersrand University Press, Johannesburg, 1995), pp. 323-324. Sien ook M Legassick, "The Sotho-Tswana peoples before 1800", L Thompson, *African societies in Southern Africa* (Heinemann, London, 1969), pp. 87, 119.

2 Nasionale Argief van Suid-Afrika (NASA), Pretoria, BAO 12/299 R204/2 vol. 1: Brosjure, *Die Tswana*, ca. Januarie 1972, p. 1{176}; H van der Wateren, *Die materiële kultuur, vervaardiging en bedryfslewe van die Bahurutshe van Motswedi* (ongepubliseerde proefskrif, PU vir CHO, Potchefstroom, 1974), p. 121; JH Moolman & GME Leistner, *Bophuthatswana hulpbronne en ontwikkeling*, deel 1 (Afrika-instituut, Pretoria, 1974), pp. 1-3; P-L Breutz, *A history of the Batswana and origin of Bophuthatswana: a handbook of a survey of the tribes of the Batswana, S.-Ndebele, Qwaqua and Botswana* (Ramsgate, P-L Breutz, 1989), pp. 4, 6; P-L Breutz, *The tribes of Marico district* (Union of South Africa, Department of Native Affairs, Ethnological Publications no. 30, Government Printer G.P.-S.9443, Pretoria, 1953-4), p. 6.

3 P-L Breutz, *A history of the Batswana…,* pp. 4, 6-7, 225; JCA Boeyens, *Die latere ystertydperk in Suidoos- en Sentraal-Marico* (s.n., Pretoria, 1998), p. 49; Transvaal Native Affairs Department, *Short history of the Native tribes of the Transvaal, 1905* (Government Printing and Stationery Office, Pretoria, ca. 1905), pp. 8, 11.

4 M. Legassick, "The Sotho-Tswana peoples before 1800"…, pp. 100, 109, 115-116; J.C.A. Boeyens, *Die latere ystertydperk in Suidoos- en Sentraal-Marico*, p. 31.

5 Die kaart is saamgestel deur Lorraine Botha, Giscoe, Potchefstroom, Oktober 2007.

6 H Rex, *Die voorgeskiedenis en geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust (Marico) vanaf die predikantskap van ds. Daniel Lindley (1840-1844) tot dié van ds. Samuel Young (1947-1971), beskrywe teen die agtergrond van die koms van blankes na Marico en die ontstaan van die dorp Zeerust* (NHW-Pers, Pretoria, 1971) pp. 3-4.

nagelaat.[7] Hier, net soos in die res van Afrika, het Christen-sendelinge as die voorhoede van die Westese beskawing, opgetree. Jean Lemue en Samuel Rolland van die Paryse Evangeliese Sendinggenootskap het reeds in 1831 onder die Bahurutshe begin werk.[8]

Die Voortrekkers het sedert 1836 in klein trekgeselskappe oor die Vaalrivier getrek. Die volgende jaar het 'n Voortrekker-kommando onder aanvoering van Hendrik Potgieter Mzilikazi se Ndebele beslissend in twee veldslae verslaan en sodoende op die vlug laat slaan.[9] Die Voortrekkers is bygestaan deur Batlhaping-, Barolong-, Bataung- en Bahurutshe-kapteins wat onder Mzilikazi deurgeloop het.[10] Die Voortrekkerbondgenote is deur Potgieter met grond beloon in "localities previously occupied by them." Só byvoorbeeld het kaptein Moiloa van die Bahurutshe, wat ook deelgeneem het aan die finale kommando teen Mzilikazi, 'n stuk grond bekend as Moiloa se Reservaat in 1837-1838 van Potgieter ontvang. Dié reservaat se grense eers amptelik in 1865 afgebaken.[11]

Gedurende die laat-1840's het die eerste Boere hulle in die Marico-distrik gevestig: Daniël van Vuuren op die plaas Wilgeboomspruit, Jan Viljoen op Vergenoeg, Ockert Oosthuizen op Klaarstroom en Hans Terblanche op Uitvlucht.[12] In 1841 is in die Natalse Volksraad, bygewoon deur 'n Potchefstroomse afvaardiging, opgemerk dat in die Mosega-gebied "reeds als plaatsen aan eeniege onser ingeseetenen syn toegekend; dat de Maroetsies [dit wil sê die Bahurutshe] daar op geen de minste aanspraak heef".[13] Meer en meer

7 J Campbell, *Travels in South Africa: undertaken at the request of the London Missionary Society* (Black and Parry, London, 1815); J Campbell, *Travels in South Africa: undertaken at the request of the London Missionary Society: Being a narrative of a second journey in the interior of that country* (Westley, London, 1822); JCA. Boeyens, *Die latere ystertydperk in Suidoos- en Sentraal-Marico*, pp. 22-23; P-L Breutz, *The tribes of Marico district*, p. 96.

8 HJ van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854* (Academia, Pretoria, 1989), p. 255.

9 JG Bornman, "Die geskiedenis van Marico en Zeerust" in *Die Zeerustse eeufees-gedenkboek* (Stadsraad van Zeerust, Zeerust, 1967), p. 4.

10 N Etherington, *The great treks: the transformation of Southern Africa, 1815-1854* (Longman, Harlow, England, 2001), p. 249.

11 P-L Breutz, A history of t*he Batswana…*, pp. 18-19, 250; P-L Breutz, *The tribes of Marico district*, pp. 9-10; South Africa, *South African Native Affairs Commission, 1903-5*, vol 1: "Report of the Commission with annexures and appendices A and B" (Cape Times Limited, Government Printers, Cape Town, 1905), p. 6; I Schapera, *The ethnic composition of Tswana tribes* (Monographs on Social Anthropology no. 11, The London School of economics and political science, London, 1952), p. 7; JH Moolman & GME Leistner, *Bophuthatswana hulpbronne en ontwikkeling…*, p. 5; South Africa, *Report by the Commissioner for Native Affairs relative to the acquisition and tenure of land by natives in the Transvaal, July 1904* (Government Printing and Stationery Office, Pretoria, 1904), p.15 (Appendix 1).

12 CF Gronum, *Boere en jagters in ou Marico* (Pro Rege, Potchefstroom, 1974), p. 18; D Lemmer, *Herman Charles Bosman en die juwele van die Maricobosveld: kontreistories uit die Maricobosveld* (D Lemmer, Voortrekkerhoogte [Pretoria], 1994), p. 2.

13 H Rex, *Die voorgeskiedenis en geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust…,* p. 87.

blanke boere het die gebied binnegetrek.[14] Hulle het meestal by beskikbare stabiele waterbronne gevestig en het malaria-besmette gebiede vermy.[15] Die Marico het in 1871 'n afsonderlike magistraatsdistrik geword.[16]

Die Marico-distrik was teen 1848 'n sogenaamde "oop-grens"-gebied, dit wil sê met geen definitief-afgebakende grense. Ongekontroleerde binnedringing van plaaslike en indringer-gemeenskappe het ook plaasgevind. Die Marico-grens het egter gedurende twee fases "gesluit". Die eerste een was gedurende 1884 tot 1885 weens die proklamering van die Betsjoeanaland Protektoraat en die Londonse Konvensie "which led to a more rigidly defined and observed boundary." Die tweede fase was gedurende 1894 tot 1896 na die Malapoch-oorlog en die Rinderpest-epidemie wat gelei het tot Trekker-binnedringing van die Limpopo-vallei.[17]

Kompetisie tussen die swart en blanke gemeenskappe het spoedig met intensiteit toegeneem en was die Bahurutshe "caught up in the cross-currents of events surrounding the complex history of the Transvaal's troubled western border". Boere opperheerskappy is stadig maar seker oor die Marico-gebied gevestig en is die Bahurutshe gedwing tot "tribute obligations and coerced labour".[18]

In hierdie artikel kom die gespanne verhoudinge tussen die blanke burgers/owerheid en die Bahurutshe in die Zuid-Afrikaansche Republiek (1852-1899) aan die orde. Dié era is veral gekenmerk deur die aftakeling van Bahurutshe-gesag en gepaardgaande dominerende optrede van die owerheid. Ten slotte word die 1899-1916-fase, gekenmerk deur deelname aan die Suid-Afrikaanse Oorlog (1899-1902) en veral arbeids- en belastingkwessies, onder die loep geneem.

Die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1852-1899

In 1849 het die Transvaalse trekkers besluit om 'n eenheidsregering onder toesig van 'n Volksraad in die lewe te roep. Kommandante-generaal moes

14 CF Gronum, *Boere en jagters in ou Marico,* pp. 19-22; D Lemmer, *Herman Charles Bosman…*, p. 2.
15 D Lemmer, *Herman Charles Bosman…*, pp. 2-3.
16 AH Manson, *The Hurutshe in the Marico district of the Transvaal, 1848-1914* (Unpublished thesis, University of Cape Town, Cape Town, 1990), p. 152.
17 H Lamar & L Thompson (eds.), *The frontier in history: North America and Southern Africa compared* (New Haven, Yale University Press, 1981), p. 7; A H Manson, *The Hurutshe in the Marico district…*, pp. 30-31.
18 AH Manson, *The Hurutshe in the Marico district…*, pp. 87, 89, 99-102.

toesig hou oor "naturelle-sake". Gedurende die volgende jaar is 'n kommissie aangewys om grondafbakening in die Marico-distrik te finaliseer. Die Bahurutshe-gebied, die sogenaamde Moiloa se Reservaat (bestaande uit sowat 125,000 morgen) is deur Potgieter aan stamkaptein Moiloa uitgewys, maar nie akkuraat uitgemeet en toegeken by wyse van 'n transportakte nie.[19] Met die vasstel van hierdie grense gedurende die middel van die 19de eeu is die Bahurutshe in die Marico-distrik beperk tot 'n bepaalde afgebakende gebied.

Brittanje het op grond van die Sandrivier Konvensie van 1852 die Transvaalse Republiek erken, alle vorige ooreenkomste met Tswana-groepe herroep en onderneem om geen wapens aan die Tswana te voorsien nie. Die Bahurutshe kon gevolglik nie hulle grondbesitreg teen blanke binnedringing beskerm nie.[20] Die Boere kon, weens hulle militêre en tegnologiese voorsprong na willekeur die swart gebiede binnedring om arbeiders en selfs kinders met geweld te bekom. Dit is gevolglik verstaanbaar waarom Moiloa homself onder dié omstandighede as 'n "dog of the Boers" beskou het. Moiloa het 'n pragmatiese verhouding van samewerking met sy blanke bure gehandhaaf en is inderdaad as 'n getroue bondgenoot van die Boere beskou. Die Marico-trekkers was byvoorbeeld van die Bahurutshe as 'n betroubare bron van arbeid afhanklik en het gedien as 'n effektiewe buffer teen binnedringing van Tswana-stamhoofde vanaf die weste en noordweste.[21] Sy posisie was in ooreenstemming met 'n ketting van ambiwalente afhanklike verhoudinge tussen swart gemeenskappe, sendelinge en die regering van die Transvaalse Republiek. Die derde kwart van die 19de eeu kan beskou word as 'n relatief voorspoedige tydperk vir die Bahurutshe ba ga Moiloa, wat stabiele verhoudinge met die Transvaalse Republiek gehandhaaf het.[22]

Na die dood van Moiloa in 1876 het die gety teen die Bahurutshe begin draai. Die ontdekking van diamante naby Kimberley, honderde kilometers verwyderd van Marico, het die politieke ekonomie van dié geweste onherroeplik verander. Dit het 'n kettingreaksie aan die gang gesit, wat sou lei tot die herordening van magsverhoudinge en 'n herverdeling van grond in die westelike trans-Vaal. Ooreenkomstig die 1871-Keate-uitspraak is grond ten noorde en ten suide van die Molopo-rivier aan die Tswana toegeken. Dit

19 South Africa, *Report by the Commissioner for Native Affairs relative to the acquisition and tenure of land by natives…*, p. 5; AH Manson, *The Hurutshe in the Marico district …*, pp. 94-95, 97.

20 HJ van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854***,** p. 303; South Africa, *South African Native Affairs Commission, 1903-5*, vol 1: "Report of the Commission…", p. 6.

21 P-L Breutz, *A history of the Batswana…*, p. 231; AH Manson, *The Hurutshe in the Marico district…*, pp. 94, 107, 111-113, 117-118; 120-121.

22 AH Manson, *The Hurutshe in the Marico district…*, pp. 122-158.

het beteken dat die Transvaalse weswaartse uitbreiding gefnuik is, maar dat Britse gesaguitbreiding na die Noorde ongehinderd kon voortgaan. Die gesag van die Boere oor die Tswana aan die weste was duidelik aan die taan. 'n Opvolgingskrisis, wat op die dood van Moiloa (6 Julie 1876) gevolg het, het uitgeloop op 'n openlike burgeroorlog in Bahurutshe-geledere. Moiloa se Reservaat is gevolglik deur 'n kommissie tussen die volgelinge van Gopane en Ikalafeng, verdeel. In ooreenstemming met die aanbeveling van dié Kommissie, is Moiloa se reservaat in sy geheel (125 589 morge en 333 vierkante roede) opgemeet. Genoemde burgeroorlog het die begin ingelui van die verdeling van die Bahurutshe in twee polities-onafhanklike faksies.[23]

Grondkwessies

As deel van die doelbewuste poging om effektiewe beheer oor die naturelle uit te oefen, is regulasies rakende die reg van naturelle om grond aan te koop sporadies uitgevaardig.[24] Boonop is die vroeëre ontoereikende Transvaalse administrasie deur 'n meer burokratiese een, met die potensiaal om gesag oor die burgers én Afrikane af te dwing, vervang.[25] Gedurende 1853 het die Transvaalse Volksraad aan die kommandante opdrag gegee om grond aan die Bantoestamme toe te wys. Die stelsel rakende die opmeting en afbakening van grond was egter vol gebreke. [26]

Op 7 September 1871 het die Volksraad 'n kommissie aangewys om daadwerklike aandag te gee aan grondaankope deur naturelle. Op grond van dié kommissieverslag het die Volksraad op 14 November 1871 besluit "to obtain ground suitable for Kaffir Locations, distributed, if possible, in the various districts, or for purchase by Kaffir tribes..."[27] Gedurende die Britse besetting van 1877-1881 het Shepstone die status quo gehandhaaf deur die Sekretaris van Naturelle Sake ex officio trustee van grond, aangekoop deur naturelle, te maak.[28] Die Pretoria-konvensie van 1881, artikel 13 het egter

23 South Africa, *Report by the Commissioner for Native Affairs relative to the acquisition and tenure of land by natives…,* pp.16, 63; Transvaal Native Affairs Department, *Short history of the Native tribes of the Transvaal, 1905*, p. 13; AH Manson, *The Hurutshe in the Marico district…*, pp. 159, 163-178.

24 South Africa, *Report by the Commissioner for Native Affairs relative to the acquisition and tenure of land by natives…*, pp. 38-68.

25 AH Manson, *The Hurutshe in the Marico district…*, p. 196.

26 P-L Breutz, *A history of the Batswana…*, pp. 22-23.

27 South Africa, *Report by the Commissioner for Native Affairs relative to the acquisition and tenure of land by natives…*, p. 21 (Appendix 1).

28 South Africa, *Report by the Commissioner for Native Affairs relative to the acquisition and tenure of land by natives…*, p. 23 (Appendix 1).

uitdruklik bepaal dat "Natives will be allowed to acquire land, but the grant or the transfer of such land will in every case be made to and registered in the name of the Native Location Commission, hereinafter mentioned, in trust for such Natives." Die Naturelle Lokasie Kommissie het dus die plek van die Sekretaris van Naturelle Sake ingeneem.[29] Verder is voorsiening gemaak "to allocate all land to which the Bantu had a fair claim" deur 'n staande Native Location Commission. Alhoewel dié Kommissie se werk deur die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) onderbreek is, kon toewysings in die distrikte van Rustenburg, Lichtenburg, Marico en Sekhukhuneland gefinaliseer word.[30] Die ZAR-regering het ook via die London Konvensie van 1884 sy bereidwilligheid verklaar om naturelle toe te laat om grond aan te koop. Ooreenkomstig artikel 18 sou ooreenkomste, gesluit tussen 12 April 1877 en 8 Augustus 1881, deur die ZAR-regering eerbiedig word.[31] Dit was egter geensins 'n ruimhartige besluit nie, aangesien relatief min grond ter sprake was.

Stamkapteins-in-rade het die kapitalistiese stelsel tot hulle eie voordeel benut deur onder andere passe, 'n noodsaaklike voorvereiste om werk buite die lokasie te soek, teen vergoeding uit te reik. Dié winste is dan gebruik om grond aan te koop. Só byvoorbeeld het stamkaptein Israel Morake twee plase, Dam van Metsigo (nr. 54) en Matjesvallei (nr. 205) aangrensend aan die Moiloa-reservaat, aangekoop en het stamkaptein Gopane in 1880 die plaas Brakpan (nr 200), ook aangrensend aan die reservaat, vir 600 pond aangekoop.[32] Gedurende 1904-05 is alle titelaktes van Bahurutshe-grond in trust oorgedra aan die Kommissaris vir Naturellesake.[33]

---

29 South Africa, *Report by the Commissioner for Native Affairs relative to the acquisition and tenure of land by natives…*, pp. 34-35; South Africa, *South African Native Affairs Commission, 1903-5*, vol 1: "Report of the Commission…", p. 23; Transvaal Native Affairs' Department, Annual reports for the year ended 30th June 1905 (Government Printing and Stationery Office, Pretoria, 1905), pp. B18-19.

30 South African Native Affairs Commission, vol. iv: *Minutes of evidence in Rhodesia, Bechuanaland Protectorate, British Bechuanaland (Cape Colony), Orange River Colony, Basutuland, Transvaal Colony, and again in the Cape Colony* (Government Printers, Cape Town, 1904), pp. 427-428; P-L Breutz, *A history of the Batswana…*, pp. 22-23.

31 South Africa, *Report by the Commissioner for Native Affairs relative to the acquisition and tenure of land by natives…* p. 34; Transvaal Native Affairs' Department, Annual reports for the year ended 30th June 1905, pp. B19-20.

32 *Report by the Commissioner for Native Affairs relative to the acquisition and tenure of land by natives…*, pp.28, 96.

33 NASA, Pretoria, SNA, 300, pp. 37-59: Verskeie verslae en briewe in dié verband. Kyk byvoorbeeld South Africa, ***Report Sub Native Commissioner Marico District/Native Commissioner Western Division***, 22 March 1906; Report Acting Sub Native Commissioner Marico District/Native Commissioner Western Division, 21 Februarie 1907; South Africa, *Report by the Commissioner for Native Affairs relative to the acquisition and tenure of land by natives…,* pp. 67-68; NASA, SNA vol. 300 no. 3629, Letter E Stubbs/C Griffith, 6 Februay 1906.

Belasting en toenemende staatsbeheer

Die Bahurutshe het veral geworstel onder die toenemende aandrang om belastings te betaal. Só byvoorbeeld moes die Bahurutshestam te Dinokana (Ikalafeng) kort-kort om belasting-uitstel by Naturelle-kommissaris (Distrik Marico) JP Snijman aansoek doen. Hulle het gevolglik in 1884 'n enorme uitstaande skuld (vir 1881, 1882 en 1883) van £1 592-18 gehad.[34] Verskeie rampe het bygedra tot die ekonomiese ellende van die Bahurutshe. PJ Joubert, die Superintendent van Naturellen, het byvoorbeeld die aansienlike laer belasting (9 259 pond agt sjillings en agt pennies) wat in 1893 geïn is toegeskryf aan die uitbreek van pokke onder die naturelle.[35] In 1895 het 'n groot droogte en gepaardgaande sprinkaanplaag gelei tot hongersnood in sommige distrikte.[36] Drie jaar later het verskeie oeste weens 'n sprinkaanplaag misluk en moes vele inwoners elders 'n heenkome gaan soek. Dit het veroorsaak dat 'n aansienlike bedrag in belasting agterstallig gebly het.[37] Daarbenewens het die Rinderpest en gepaardgaande droogte van 1896-1898 groot druk op die steeds krimpende Bahurutshe-bronne geplaas.[38]

Ondanks genoemde omstandighede is daar voortdurend druk op stamkapteins uitgeoefen om belasting in te samel. In moeilike ekonomiese tye het dit 'n konflikgevaar geskep. Kaptein Suping is byvoorbeeld weens sy agterstallige 1897-belasting gedreig "...dat, indien zy de beschuldigde belasting niet betalen, de plaats eventueel zal worden verkocht volgens wet no 11 1896."[39]

Boeteheffings op agterstallige belasting het verdere druk op die gespanne verhoudinge geplaas. Radelose kapteins van die Dinokane-Bahurutshe en die Gopane-Bahurutshe het in 1898 PA Cronje, Superintendent van Naturellen, besoek en verseker dat hulle en hul onderdane meer as gewillig is om belasting te betaal, maar versoek om uitstel vir "nog eenige maanden tyd te geven". Aan dié versoek is gehoor gegee en boonop is die boete ook afgeskryf. PJ Snijman,

34 NASA, Pretoria, SN, vol. 10 SR195/84: Brief JP Snijman/PJ Joubert, 2 April 1884**;** AH Manson, *The Hurutshe in the Marico district…*, pp. 196-199.

35 PJ Joubert, *Rapport van den Superintendent van Naturellen over het jaar 1893* (Staatsdrukkerij van de Zuid-Afrikaansche Republiek, Pretoria, 1894), p. 2.

36 PJ Joubert, *Rapport van den Superintendent van Naturellen over het jaar 1895, no. 10 van 1896* (Staatsdrukkerij der Zuid-Afrikaansche Republiek, Pretoria, 1896), p. 2.

37 PA Cronjé, *Rapport van den Superintendent van Naturellen over het jaar 1898, no. 12 van 1899* (Staatsdrukkerij der Zuid-Afrikaansche Republiek, Pretoria, 1899), pp. 2-3.

38 NASA, Pretoria, SN, vol. 54 SR3897/98: Brief, Commissaris van Naturellen Marico JP Snyman/Superintendent van Naturellen PA Cronje/Commissaris van Naturellen Marico, 10 September 1898.

39 NASA, Pretoria, SN, SR120/97, pp. 1-12: Kyk byvoorbeeld Nota Superintendent van Naturellen PA Joubert/Commissaris Naturellen, Marico, 9 Desember 1897.

die betrokke distrikskommissaris, is oor die vingers getik en versoek om in die vervolg nie te oorhaastig boetes op te lê nie.[40]

Die regering van die Transvaalse Republiek het sy beheer oor die swart-bevolking uitgebrei en verstewig. Op plaaslike vlak het veldkornette, landdroste en naturelle-kommissarisse as die hoofagente opgetree. 'n Sentrale Departement van Naturellesake is in die lewe geroep om oorhoofse beheer te vergemaklik, hutbelasting van 10 shillings is behou, pasregulasies is in 1896 verfyn en die 1887-Plakkerswet, aangepas in 1895, is ook aanvaar om Afrikane se bewegingsvryheid verder in te kort.[41] Die Transvaalse staatspresident is kragtens Wet 4 van 1885 verklaar tot opperhoof van alle swart inwoners. Hy kon stamkapteins aanstel en toerus met beperkte straf- en onbeperkte siviele jurisdiksie in sake tussen stamlede.[42]

Naturelle-arbeid

Toenemende wrywing tussen die Transvaalse owerheid en stamkapteins het gesentreer rondom die nypende arbeiderstekort, wat die blanke boere en die mynbase ervaar het. In 1871 is die *Transvaal Commission on African Labour* aangewys. Dié aanwys van dié kommissie was 'n poging van die Volksraad "to rationalise and strengthen control of African labour and land and to generate income through tax on African subjects." Belangrike gebreke is deur die kommissie ontbloot, soos die gebrek aan 'n eenvormige beleid rakende die naturelle. Dit was die mees omvattende ondersoek rakende rasse-verhoudinge in die Transvaal tot in daardie stadium en het Afrikane vir die eerste keer sedert die aankoms van die Voortrekkers van 'n platform voorsien om hulle griewe te lug. Aanbevelings van die Kommissie rakende grond, passe en belasting het die versterking van die onderdanigheid van Afrikane in die oog gehad.[43] Die sogenaamde Plakkerswet (Wet 11) 1887 het veral ten doel gehad om blankes van die nodige "werkvolk" te voorsien.[44]

---

40 NASA, Pretoria, SN, vol. 54 SR3897/98: Brief, Superintendent van Naturellen PA Cronje/Commissaris van Naturellen Marico, 20 Augustus 1898.

41 South African Native Affairs Commission, vol. IV: *Minutes of evidence in Rhodesia, Bechuanaland Protectorate, British Bechuanaland (Cape Colony), Orange River Colony, Basutuland, Transvaal Colony…*, p. 427; AH Manson, *The Hurutshe in the Marico district…*, p. 194.

42 Buro vir Ekonomiese Navorsing insake Bantoe-ontwikkeling (BENBO), *Bophuthatswana at independence, 6 December 1977* (Government Publisher, Pretoria, 1977), p. 18.

43 JS Bergh & F Morton, "To make them serve…": *The 1871 Transvaal Commission on African labour* (Protea, Pretoria, 2003), pp. 9-14, 151.

44 PJ Joubert, *Rapport van den Superintendent van Naturellen over het jaar 1894, no. 6 van 1895* (Staatsdrukkerij van de Zuid-Afrikaansche Republiek, Pretoria, 1895), p. 3 en Bijlage E.

In 1896 het die Volksraad wetgewing aanvaar om stamkapteins te vergoed vir die beskikbaarstelling van arbeiders. Só byvoorbeeld kon stamkapteins wat jaarliks meer as 50 arbeiders voorsien vyf shillings per arbeider verdien.[45] Tradisionele leiers is dus gebruik as agente van die blanke regering – 'n tipiese kolonialistiese strategie wat ook deur die Britse regering in Afrika toegepas is.

Weens ontoereikende arbeidswetgewing kon nie voorsien word aan die "arbeid-honger-mynbou-industrie" nie. Mynbestuurders het gevolglik op eie inisiatief met werwingsaksies begin. Werwingsagente is na die binneland gestuur wat dikwels die plaaslike stamkapteins en plaaslike naturelle kommissarisse omgekoop het om in die aanvraag na arbeid te voorsien.[46] Die stryd om arbeid is egter ook deur ekologiese krisisse beïnvloed, byvoorbeeld die 1883-droogte, die 1892-1894-droogte, gevolg deur laat-reëns en springkane en ook die 1896-1898-periode wat gekenmerk is deur die Rinderpest en droogte. Die Rinderpest het die Bahurutshe swaar getref en gedwing om in groot getalle tot die loonarbeid-mark toe te tree. Hulle het hul veral gewend tot die plaaslike boere en ook werk gesoek in Kimberley en Johannesburg.[47]

Die Suid-Afrikaanse Oorlog, 1899-1902

Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902), met sy misleidende naam, het nie net twee vyandige blanke groepe betrek nie, maar verskeie inheemse groepe en kan daarom tereg tot die Suid-Afrikaanse Oorlog herdoop word.[48] Die swart inwoners van die twee Boererepublieke is opgekommandeer om plase op te pas en diens te doen as spioene, verkenners, touleiers, agterryers en wadrywers. Sowat 10 000 swart- en bruinmense het die Boere op kommando's vergesel. Ook die Britse magte het ruimskoots van swartes gebruik gemaak. Soveel as 100 000 swart- en bruinmense het bystandsdienste verrig en is selfs bewapen om aktief aan skermutselinge deel te neem.[49]

Ook die Bahurutshe kon nie neutraal in dié stryd staan nie. Die Bahurutshe het op 'n ongekende skaal onder Boere én veral Britse aanstigting, begin om

45 AH Manson, *The Hurutshe in the Marico district…*, p. 199.
46 NASA, Pretoria, SN vol. 50, SR1097/98: Brief J Snyman/P Cronje, 24 Maart 1898.
47 AH Manson, *The Hurutshe in the Marico district…*, pp. 202-203.
48 Vergelyk ES van Eeden, "'n Oorlog met vele name - standpunte en realiteite oor 'dié Oorlog' (1899-1902) in Suid-Afrika", *Literator*, 20(3), November 1999.
49 BJ Liebenberg & SB Spies (eds.), *South Africa in the 20th century* (Van Schaik, Pretoria, 1993), pp. 10-12, 18.

hulself te bewapen. In Augustus 1899 het distrikskommissaris JP Snijman aanbeveel dat wapens aan die Bahurutshe in die reservaat verskaf moes word om hulle vee te beskerm en om die regering in noodsituasies teen enige aanvalsmag by te staan.[50]

Gedurende die vroeë fase van die oorlog het die Bahurutshe en ander swartgroepe hulpdienste aan blanke plaasboere verleen. Só byvoorbeeld moes 40 Bahurutshe-mans in Oktober 1899 by die landdros van Lichtenburg aanmeld om aangewend te word as wagte of arbeiders op die plase van burgers wat met militêre verpligtinge elders doenig was. Gedurende die daaropvolgende ses maande is nog Bahurutshe opgekommandeer om as wagte op plase diens te doen.[51]

Ook die Britte het ruimskoots van swartes se dienste gebruik gemaak. Só byvoorbeeld het die Bahurutshe openlik en op Britse instruksies boere se plaasopstalle in die Marico-distrik geplunder. Gopane se mense, gewapen en onder militêre orders en aanmoediging van luitenant-kolonel Churchwood en kapteins Harding en Morris Peat om te plunder, het van die geleentheid gebruik gemaak om vee van blanke boere te roof.[52] Tydens die latere fase van die oorlog, met Britse opperheerskappy in die Marico-distrik gevestig, is die Bahurutshe effektief en met groot sukses aangewend om die spoorlyn tussen Mafikeng en Ramoutsa teen Boer-aanvalle te beskerm: "The Natives on this border at Linokana and Gopanis [sic] are still rendering splendid service in preventing commandos raiding the railway between Mafeking and Ramoutsa."[53]

Die Vrede van Vereeniging, onderteken op 31 Mei 1902, het die Suid-Afrikaanse Oorlog beëindig en 'n nuwe tydvak in die geskiedenis van suider-Afrika ingelei. Veral die inheemse bevolking, wat die Britte met raad en daad

50 NASA, Pretoria, SN, vol. 59, SR181/99: Brief J Snyman/P Cronje, 22 Augustus 1899.

51 Kyk byvoorbeeld NASA, Pretoria, SN, vol. 112, p. 805: Telegram Superintendent van Naturellen/Naturellen Commissaris door Landdrost Lichtenburg, 25 Oktober 1899; p. 806: Telegram Superintendent van Naturellen/Landdrost Lichtenburg, 25 Oktober 1899; p. 803: Telegram Superintendent van Naturellen/Landdrost Standerton, 25 Oktober 1899; p. 804: Telegram Superintendent van Naturellen/Kommissaris Naturelle Krugerspoort, 25 Oktober 1899; pp. 807-808: Telegram Superintendent Naturellen/Naturellen Commissaris Middelburg, 25 Oktober 1899; p. 952: Telegram Superintendent van Naturellen/Landdrost Krugersdorp, 30 November 1899.

52 NASA, Pretoria, SNA vol. 48 file 1644, pp. 77-92: Verskeie briewe, verklarings en verslae in dié verband. Kyk byvoorbeeld Affidavit Chief Gopane, 11th August 1902, annexure to Commissioner for Native Affairs, *Memorandum for submission to members of Council from Commissioner for Native Affairs*, 3 September 1902; Letter Chief Gopane/Native Commissioner Godfrey Lagden, 2 August 1902; Letter Sub Native Commissioner Zeerust/Native Commissioner Rustenburg, 13 August 1902.

53 NASA, Pretoria, Law Department (LD), vol. 24, file no. M1885/1901: Letter C. Levey/Secretary to the Law Department, 19 November 1901, pp. 1-2.

ondersteun het, was hoopvol dat hulle politieke posisie met rasse skrede sou verbeter. In die agste klousule van die Vredesverdrag is egter bepaal dat "The question of granting the franchise to natives will not be decided until after the introduction of self-government" aan die blanke burgers van die voormalige Boererepublieke.[54] Hierdie toegewing, volgens Judd "not a particulary painful one for the British government", het ingehou dat die oorweldigende Afrikaner-meerderheid in die Oranje-Vrystaat Kroonkolonie en ook die Afrikaner- en Britse bevolkings van die Transvaalse Kroonkolonie "would, in all probability, keep the non-European disenfranchised and firmly in its place."[55]

Transvaalse Kroonkolonie, 1902-1909

Gerugte het die rondte gedoen, aangeblaas deur onverantwoordelike persone, dat die Britse Regering die oorwonne Boere se plase sou konfiskeer en aan die naturelle sou oorhandig.[56] Só berig Naturelle Kommissaris C. Griffith (Wes-Transvaal Westelike Divisie): "... the Natives are greatly disappointed at not being made grants of land in consideration of the services they rendered to our troops during the late war; they fully expected that the farms would be taken from the Boers and given to them. They anticipated the farmers being dispossessed of all title to land."[57]

Staatsinmenging in die reservaat het 'n hoogtepunt bereik gedurende die eerste aantal jare na die instelling van kroonkoloniebestuur. Die Bahurutshe was onderwerp aan 'n sogenaamde "dual administration", aangesien die South African Constabulary en die plaaslike Naturellesake Kommissaris, asook die Resident-magistraat van Zeerust albei jurisdiksie oor hulle uitgeoefen het. Boonop het die polisiemagte van Zeerust, Lobatse en Gabarone almal orders uitgereik aan die Bahurutshe van Gopane. Gopane het gevolglik moedeloos aan die Secretary for Native Affairs gerapporteer dat hy nie weet wie hulle moet gehoorsaam nie. Daar was ook 'n sekere mate van jurisdiksie-oorvleueling

54 FA van Jaarsveld, *Honderd basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1648-1961* (Nasou, Kaapstad, 1971), pp. 172-173; CFJ Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 4e uitgawe 2e druk (Academica, Pretoria, 1990), p. 364.

55 BJ Liebenberg & SB Spies, *South Africa in the 20th century*, pp. 19-20; D Judd, *The Boer war* (Granada Publishing Limited, London, 1977), pp. 172-173.

56 Transvaal Native Affairs Department, *Annual report for the year ended 30th June, 1906* (Government printing and Stationery Office, Pretoria, 1906), p. A1; South Africa, *Annual report by the Commissioner for Native Affairs for the year ended 30th June, 1903*, pp. A1-B27; South Africa, *Report by the Commissioner for Native Affairs relative to the acquisition and tenure of land by natives…*, p. 2.

57 South Africa, *Annual report by the Commissioner for Native Affairs for the year ended 30th June, 1903*, pp. B27.

tussen die Magistraatshof en die Hof van die Naturelle-kommissaris.[58] Só het ook E. Stubbs, Assistant-Naturelle Kommissaris Marico Distrik, in Junie 1904 sy lot teenoor die Naturelle Kommissaris Wes-Transvaal bekla: "...had recently received instructions of such a varied and sometimes conflicting nature from so many officials on various matters, instancing primarily the cattle disease...".[59] Ook Tom Mokgatla was uiters frustreerd met die onvergenoeglike situasie: "I am repeatedly called down to the S.A.C. [South African Constabulary] camps and questioned about matters in my stadt; I am constantly getting instructions from them; only yesterday I was ordered by the S.A.C. to take a census of all the stock in the location...".[60] Ook Israel Moiloa het hom nie die inmenging van die SAC laat welgeval nie.[61]

Die oorvleuelingkwessie was in 1906 steeds onopgelos. Verskeie klagtes rakende SAC-optrede in die Moiloa-reservaat het W. Windham, Sekretaris van Naturellesake, ergerlik laat opmerk: "The facts elicited clearly indicate how necessary it is that the natives should be dealt with by one official only, representing the authority of the Government in each district." Daar is uiteindelik tot die logiese besluit gekom om definitiewe instruksies aan die SAC uit te reik: "...not to deal with matters affecting natives in locations or otherwise where there are specially appointed officers of the Native Affairs department in the district."[62]

Verdere inmenging het gelei tot die verhoging van die gehate jaarlikse kopbelasting (in 1904) van een na twee pond. Poligamiste moes boonop 'n bykomende twee pond betaal.[63] Gedurende dieselfde jaar is amptenare in die reservaat aangestel om beweging uit die reservaat te monitor. Om 'n geldige pas te bekom moes Afrikane een sjielling betaal.[64] Kragtens die Native Tax Amendment Act, sedert 1 Januarie 1909 van krag, is belasting

58 NASA, Pretoria, Lieutenant-Governor (LG) vol. 127, 110/69: Letter Gopane/Secretary for Native Affairs, 15 June 1904; South Africa, *Annual report by the Commissioner for Native Affairs for the year ended 30th June, 1903*, p. A4.

59 NASA, Pretoria, LG 110/114: Letter E Stubbs Sub Native Commissioner Marico District/Native Commissioner Western Transvaal, 13 June 1904, p. 1; Letter E Stubbs/Native Commissioner Western Transvaal, 17 November 1905.

60 NASA, Pretoria, LD 110/114: Statement by Chief Israel Moiloa annexure to Letter Sub Native Commissioner/ District Commandant SAC, 17 November 1905.

61 NASA, Pretoria, LD 110/114: Statement by Chief Tom Mokgatle annexure to Letter Sub Native Commissioner/ District Commandant SAC, 17 November 1905.

62 NASA. Pretoria, LG 110/114, no. 1293/06: Letter W Windham Secretary for Native Affairs/Private Secretary to Acting Lieutenant-Governor, 20 March 1906.

63 NASA, Pretoria, SNA, vol. 375, no. 2554: Message from Lord Selbourne to Chiefs in Zeerust district, 6 July 1907.

64 AH Manson, *The Hurutshe in the Marico district…*, p. 245.

van plaasarbeiders verminder. Dit was waarskynlik 'n poging om hulle aan te moedig om op plase aan te bly. 'n Hoof-invorderaar en vyf assistent-invorderaars is vroeg in 1909 aangestel om in samewerking met pasamptenare belasting van naturele woonagtig in sogenaamde "labour districts" in te samel. 'n Aantal naturele-konstabels is ook ingespan om dié taak te rig. Die skepping van die spesiale tak van die Government Native Labour Bureau het goeie vrugte afgewerp en gevolglik is die geledere van die invorderingspersoneel met drie junior klerke versterk.[65]

Lord A. Milner, Britse goewerneur van die Transvaalse Kroonkolonie, het in sy heropbouprogram twee breë doelstellings daargestel, naamlik om die mynbou-produksie tot sy vooroorlogse vlak te herstel en om produktiwiteit te verhoog deur die voorsiening van voldoende arbeid en 'n stewige ekonomiese infrastruktuur. Die inheemse gemeenskappe van die Transvaal sou hierin geen geringe rol speel nie en daarom het die nuwe bewindhebbers daadwerklik aan hulle "posisionering" as arbeidsbronne aandag gegee.[66]

Die swartmense van die Transvaalse en Oranje-Vrystaatse Kroonkolonies, reeds ontnugter deur die bepalings van die Vredesverdrag van Vereeniging, het met argwaan die bevoorregting van die blankes en die miskenning van swart-regte deur die Milner-regime gade geslaan. Gevolglik het 'n hele aantal swart politieke organisasies die lig gesien, byvoorbeeld *The Transvaal Vigilance Association* en *The Bloemfontein Vigilance Committee* in 1903.[67] Dié politieke organisasisies kon egter nie hond-haar af maak nie en het die Milner-administrasie doelgerig planne in werking gestel om te sorg dat voldoende goedkoop swart arbeid vir die oplewing van blanke landbou en die mynbou beskikbaar is.

In 1903 is 'n Naturellesakekommissie (Grondkommissie), onder voorsitterskap van sir Godfrey Lagden, in die lewe geroep om ondersoek in te stel na "The tenure of land by Natives and the obligations to the State which it entails."[68] Dié Lagden-kommissie van 1903-1905 het die hele land deurkruis om inligting ter plaatse in te samel en te poog om 'n eenvormige naturellebeleid daar te stel. Hierdie Kommissie het ten sterkste aanbeveel dat enige verdere grondaankope deur Afrikane gestaak moes word. Afrikane

65 Transvaal Native Affairs Department, *Annual report for the year ended 30th June, 1909* (Pretoria, Government Printing and Stationery Office, 1910), p. 10.

66 BJ Liebenberg & SB Spies (eds.), *South Africa in the 20th century*, p. 24; AH Manson, *The Hurutshe in the Marico district…*, pp. 239-240.

67 BJ Liebenberg & SB Spies, *South Africa in the 20th century*, pp. 31-36.

68 South Africa, *South African Native Affairs Commission, 1903-5*, vol 1: Report of the Commission…, p. 1.

is verder verplig om grondaansprake by die Kommissaris vir Naturellesake te registreer. Verskeie eienaars het gevolglik hulle grond verloor, aangesien die nodige wetlike bewysstukke ontbreek het.[69] Dié Kommissie se 1905-verslag verteenwoordig die eerste daadwerklike poging om die sogenaamde "Naturellevraagstuk" vanuit 'n Suider-Afrikaanse perspektief/konteks te benader. Die uitbreiding van individuele grondbesit vir swartes en die instelling van kiesafdelings vir swartes in elkeen van die vier kolonies is onder andere in die verslag bepleit. Dit het egter op dowe ore geval, aangesien Lord Alfred Milner, Britse Hoë Kommissaris vir Suid-Afrika, huiwerig was om te radikaal af te wyk van die algemene siening in dié verband.[70] Die Lagden-kommissie het onder andere gebiedsegregasie aanbeveel, asook politieke skeiding deur middel van die instelling van afsonderlike kiesafdelings vir swartes in elke kolonie.[71]

Gedurende 'n *pitso* te Zeerust (6 Julie 1907) het 'n ontnugterde groep plaaslike stamkapteins, waar onder ook dié van die Bahurutshe getel het, aan Lord Selborne 'n uitgebreide petisie oorhandig. Daarin het hulle onder andere versoek dat meer magte aan kapteins toegestaan word en het hulle ook só oor belastings uitgelaat: "We keenly feel that the present taxation [Native and Dog tax] is a heavy burden upon us and earnestly pray for Your Excellency's sympathy in the matter and trust that Your Excellency will be able to obtain legislation making provision for the reduction of these taxes".[72] Aan albei versoeke het Selborne nie gehoor gegee nie en het rakende belastings opgemerk: "[It] was imposed upon the native population after very careful consideration by the government, and I cannot hold out any present to you that it will be altered".[73]

Die Unie van Suid-Afrika, 1909-1916

Toenemende eenstemmigheid dat die selfregerende Britse kolonies in suider-Afrika moes verenig, het gelei tot die "Suid-Afrika Wet" van 1909. Benewens ekonomiese oorweginge was daar 'n toenemende algemene (blanke) siening

69 South Africa, *South African Native Affairs Commission, 1903-5*, vol 1: Report of the Commission…, pp. 35, 39.

70 CFJ Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 371.

71 BJ Liebenberg & SB Spies (eds.), *South Africa in the 20th century*, p. 36.

72 NASA, Pretoria, SNA 375: Petition Israel Moiloa and several others/Governor of the Transvaal Lord Selborne, 6 July 1907; SNA 375, pp. 79-80 : Report Acting Sub Native Commissioner Marico District/Native Commissioner Marico District, 13 July 1907; *Rand Daily Mail*, 8 July 1907

73 NASA, Pretoria, SNA 375: Memorandum, Selborne/Abraham Moiloa and seven other chiefs, undated.

dat daar slegs in 'n verenigde Suid-Afrika 'n eenvormige beleid rakende die naturelle die lig sou sien en daardeur die groeiende onrus getemper sou word.[74] Ondanks heftige besware teen die naturelle stemregklousules en 'n gepaardgaande deputasie van swart- en kleurling-afgevaardigdes na London is die Suid-Afrika Wet deur die Britse parlement goedgekeur om op 31 Mei 1910 van krag te word.[75] Een van die eerste en omstrede aangeleenthede wat deur die Unieparlement hanteer moes word, het gehandel oor naturelle-grondbesit.

Die *Naturellen Grond Wet* (Wet 27 van 1913), voorafgegaan deur die 1903-1905-Lagden-kommissie en die 1912-verslag van die Native Affairs Committee (Burton-kommissie), het albei segregasievoorstelle aan die hand gedoen.[76] Wet 27 van 1913 het onder andere goedkoop swart arbeid in die oog gehad en was 'n groot stap na grootskaalse segregasie en een van die hoekstene van die Bantoetuisland-beleid wat gedurende Apartheid ontwikkel is.[77] Dit was dus die aanvangswetgewing waarin beginsels van gebiedsegregasie en skeiding van regte op grond tussen blankes en naturelle van stapel gestuur is.[78] In die *Bijlage van Naturellestreken* tot Wet 27 van 1913 word die Bahurutshe-grondgebied in die Marico-distrik as volg aangedui: Moiloa se Reservaat (123 890 morge), Vinkrivier (4 154 morge), gedeelte van Hartebeestfontein (991 morge), Dam van Metsigo (5 349 morge) en Matjesvallei (1 826).[79] Die Bahurutshe-grond het dus 136 212 Morge beslaan. In dié Wet is daar voorsiening gemaak vir 'n verdere grondkommissie (later bekend as die Beaumont-kommissie) om naturelle-grondkwessies verder te ondersoek en 'n meer realistiese grondafbakening aan die hand te doen. Wet 27 van 1913 verteenwoordig dus die eerste neerslag van gebiedsegregasie in die wetgewing van die Unie van Suid-Afrika. Hewige besware en selfs 'n Februarie 1914-afvaardiging van die South African National Natives Congress na Londen kon nie lei tot die herroeping van dié gewraakte wet nie. Intussen is William

74 BJ Liebenberg & SB Spies (eds.), *South Africa in the 20th century* , p. 44; CFJ Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, pp. 378-379.

75 FA van Jaarsveld, *Honderd basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1648-1961*, pp. 182, 187; CFJ Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, pp. 381, 384-385; BJ Liebenberg & S.B. Spies (eds.), *South Africa in the 20th century*, pp. 47, 49, 66, 75.

76 Union of South Africa, *Report of the select Committee on Native Affairs* (Cape Town, Government Printers, 1911), pp. iii, iv, v, vi; BJ Liebenberg & SB Spies (eds.), *South Africa in the 20th century*, p. 58.

77 BJ Liebenberg & SB Spies (eds.), *South Africa in the 20th century*, p. 59.

78 *Wetten van de Unie van Zuid-Afrika 1913* (Goevernementsdrukker, Kaapstad, 1913), pp. 437-449.

79 *Wetten van de Unie van Zuid-Afrika 1913*, p. 469.

Beaumont in Augustus 1913 benoem tot voorsitter van die grondkommissie. Laasgenoemde het sy verslag in Maart 1916 uitgebring.[80]

Die Bahurutshe het nie gelate die diskriminerende bepalinge van die 1913-wet aanvaar nie en was vasbeslote om hulle tot die Beaumont-kommissie te wend om meer grond te bekom. Die stamkapteins van die Marico-distrik het polities gemobiliseer en aangesluit by die South African National Natives Congress wat teenkanting teen die 1913-wet gekoördineer het.[81] Uit 'n Bahurutshe-oogpunt was die aksie gedeeltelik suksesvol, aangesien die 1916-kommissie besluit het om 92, 162 morge 443 vierkante roede by die bestaande 136 212 morge 266 vierkante roede te voeg. Die totale grondoppervlakte was dus 228 375 morge 109 vierkante roede.[82]

Samevatting

Uit hierdie studie blyk dit duidelik waarom stamkaptein Moiloa hom en die Bahurutshe as die "honde van die Boere" beskou het. Doelbewuste aftakeling van Bahurutshe-gesag tydens die ZAR-era (1852-1899) via onder andere die gehate kop/hutbelasting en uitbuiting van naturelle-arbeid vorm kontoere in die geskiedenis van die Bahurutshe. Teen hierdie uitbuiting was die Bahurutshe magteloos. Daarbenewens het 'n openlike burgeroolog en die gevolglike verdeling van die Reservaat tussen die volgelinge van Gopane en Ikalafeng deur 'n regeringskommissie, die Bahurutshe uiters kwesbaar gelaat.

Gedurende die vroeë fase van die Suid-Afrikaanse Oorlog (1899-1902) het die Bahurutshe hulpdienste aan die Boere verleen. Mettertyd het hulle hul egter by die Britte geskaar, wat ruimskoots van hulle dienste gebruik gemaak het. Die hoop dat hulle politieke situasie met rasse skrede sou verbeter het egter beskaam, aangesien die Vrede van Vereeniging die status quo tot 'n hoë mate gehandhaaf het.

Die 1902-1916-fase is gekenmerk deur toenemende staatsinmenging via die verwarrende "dual administration", die verhoging van die gehate kopbelasting en onderhandelinge oor grondgebied. Ooreenkomstig die omstrede Naturellen

80 BJ Liebenberg & SB Spies (eds.), *South Africa in the 20th century*, pp. 77-78; CFJ Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, pp. 397-401.

81 A H Manson, *The Hurutshe in the Marico district…,* p. 267.

82 Union of South Africa, UG 19-1916, *Report of the Natives Land Commission,* vol. 1, pp. 32-33 (Government Printers, 1916, Cape Town); UG 23-1918, *Report of the Natives Land Committee, Western Transvaal* (Cape Town, Government Printers, 1918), p. 7.

Grond Wet (Wet 27 van 1913) is Bahurutshe-grondaansprake erken en het die Bahurutshe-grondgebied kragtens die 1916-Beaumont-verslag bykans verdubbel. Die Bahurutshe het dus nie altyd aan die kortste end getrek nie. Ondanks dié ligpunt het AH Manson die blank-swart-verhoudinge in die Marico tereg as "an antagonistic and irreconcilable situation between a white and black society, which shared the similar aims of gaining and retaining access to productive resources", getipeer.[83]

83 AH Manson, *The Hurutshe in the Marico district…*, p. 87.